# ALGEMENE ONDERWYS EN OPLEIDING

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**ASSESSERINGSTAAK**

**MAART 2016**

**GRAAD 8**

**PUNTE: 60**

**TYDSDUUR: 1½ UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye**

**Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings .**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A** | Begripslees | **25** |
| **AFDELING B** | Taalstrukture en – konvensies | **35** |
| **TOTAAL** | | **60** |

**INSTRUKSIES :**

1. Volg die instruksies bo – aan elke afdelings.
2. Lees al die vrae versigtig voordat jy dit beantwoord.
3. Beantwoord al die vrae op die antwoordblad , nie op die vraestel nie !
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Werk netjies en leesbaar.

## AFDELING A BEGRIPLEES

## VRAAG 1

Lees die onderstaande leesstuk aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### Drukkies – Kos vir die siel .



1. Drukkies is regtig spesiaal. Dit besit een of ander towerkrag wat jou die versekering en hoop gee dat alles reg is, of weer reg gaan wees. ‘n Drukkie kan jou sommer beter laat voel wanneer jy hartseer is. Drukkies laat jou baie spesiaal voel wanneer jy verjaar. Dit kan jou ‘n veilige gevoel gee wanneer jy en ’n maat mekaar groet of weer opmaak na ‘n rusie. Die voordeel van drukkies is dat dit verniet is en boonop is dit net so goed vir jou gesondheid soos ’n gesonde dieet.
2. Hier is ‘n paar redes waarom dit goed is om drukkies te gee:
   'n Natuurlike hormoon met die naam Oxytocin word in jou brein vrygestel – daarna beweeg dit na jou bloedstroom. Dit veroorsaak dat jy kalm word en stres makliker kan hanteer. Wanneer jy kalm is, slaap jy gewoonlik beter en dit laat jou vars voel deur die dag.
   Hou altyd in gedagte, nie almal hou van drukkies nie. Jy moet altyd eers iemand vra voordat jy hulle ‘n drukkie gee. Dit wys jy respekteer hulle persoonlike spasie. Dit help baie om jou frustrasies met iemand te deel en om moontlike oplossings te bespreek.



3. Jy kan jouself ook ’n drukkie gee om te ontspan. Kruis jou arms oor jou bors en raak aan jou skouers. Klop jou skouers met jou handpalm of vingers, eers die een hand en dan die ander hand. Haal lekker diep asem, maak jou oë toe en voel hoe jy begin ontspan.
4. Die “Modern Family” aktrise, Sarah Hyland het onlangs in ’n artikel gesê “Geluk kom van binne af. Ek is op my gelukkigste wanneer ek iets doen waarvan ek hou“

| | |
|---|---|
| towerkrag – magic<br>hormoon – hormones<br>oplossing – solutions | respekteer – respectful<br>frustrasies – frustrations<br>ontspan – relax |

**VRAE :**

1.1. Watter towerkrag het ’n drukkie? (1)

1.2. Wat moet jy doen as jy hartseer voel? (1)

1.3. Wat is die voordeel van ‘n drukkie? (1)

1.4. Voltooi die sin deur die ontbreekende woord in te vul.:
’n Drukkie is net so gesond soos ’n _____ (1)

1.5. Watter hormoon word vrygestel as iemand jou ’n drukkie gee? (1)

1.6. Hoekom is dit belangrik om ’n rustige nagrus te hê? (1)

1.7. Wat gebeur as diè hormoon in jou brein vrygestel word? (1)

1.8. Waarom is dit belangrik om iemand eers te vra of jy hulle ’n drukkie mag gee? (2)

1.9. Wat is die teenoorgestelde van die woord “ontspanne” (1)

1.10. Verduidelik in **DRIE** stappe hoe jy jouself ’n drukkie kan gee. (3)

1.11. Sarah Hyland vertel dat geluk van binne af kom .
Wat doen jy om gelukkig te wees? (2)

**(15)**

**VRAAG 2**

**Lees die volgende resep versigtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.**

**HARTSKOS**

7 de Laan vier fees. Fokus op jolyt in die laan wat spesiaal in die draaiboek ingeskryf is om groter egtheid aan resepte te gee.

Matrone se beste kerkbasaarpoeding, Emma se oulike lekkers vir ’n kinderpartytjie, Oubaas se rugbykyk happies, Charmaine se Sondag Briyanni …… dit is alles daar vir jou om na hartelus te geniet!

Beskikbaar in alle boekwinkels teen 'n spesiale prys van R 265.




**CHARMAINE SE BROODPOEDING**

Bestandele: (genoeg vir 8)

5 eiers

75 ml (5 e) kakaopoeier

75 ml (5 e) strooisuiker

300 ml room

700 ml melk

8 middelslag- of 4 groot croissants (altesaam ongeveer 470 g), gehalveer

100 g melksjokolade, in blokkies gebreek

80 g kasjoeneute, gerooster en grof gekap

**Metode:**



1. Voorverhit die oond tot 180˚ Celsius.
2. Gooi die eiers, kakaopoeier en strooisuiker in 'n groot mengbak. Voeg room en melk by terwyl jy klits tot goed gemeng.
3. Doop die croissant halwes een vir een in die melkmengsel om daarvan te absorbeer. Pak dit dan in lae in die voorbereide oondbak en gooi die res van die mengsel bo-oor.
4. Druk die sjokoladeblokkies oral tussen die croissants in. Strooi die neute oor asook suiker na smaak. Moenie te veel suiker byvoeg nie.
5. Bak 25 tot 30 minute of tot goudbruin.
6. Bedien met vanieljeroomys of vla.

LEEF met hart en siel ( Maart 2014 )

VRAE

2.1. Wat is die naam van die resepte boek ? (1)

2.2. Gee **TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE** wat wys dat die resepte boek baie spesiaal is. (2)

2.3. Wat is die prys van die **7 de Laan Vier fees** resepte boek? (1)

2.4. Watter resep het Charmaine vir die boek geskryf? (1)

2.5. Hoeveel gaste kan die heerlike broodpoeding geniet? (1)

2.6. Hoeveel gram melksjokolade word in die resep gebruik? (1)

2.7. Sê of die volgende sin **WAAR of ONWAAR** is.

2.7.1 Bak vir 55 min of tot goudbruin. (1)

2.7.2 Motiveer jou antwoord van 2.7.1 (1)

2.8. Wat word saam met die broodpoeding bedien? (1)

**(10)**

**TOTAAL AFDELING A: 25**

**AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN – KONFENSIES**

**VRAAG 3**

Rangskik die woorde in hakies volgens die **STOMPI** metode.

3.1 ( drukkies) ( Die bonus is dat) ( verniet is). (2)

3.2. (is die lewe) (Vir my) (‘n fees). (2)

3.3. (kom van binne) ( af) ( Liefde ) (en geluk). (2)

**VRAAG 4**

Identifiseer die **byvoeglike naamwoord** in die volgende sinne.

VOORBEELD : Die vrolike meisie hou van drukkies.

ANTWOORD : **vrolike**

4.1. Matrone drink ‘n heerlike koppie tee by Oppikoffie . (1)

4.2. Charmaine bak ‘n smullekker poeding. (1)

4.3. ‘n Mooi glimlag kan enige iemand laat beter voel . (1)

**VRAAG 5**

Kies die **KORREKTE** woord **tussen hakkies.**

Charmaine bedien altyd 5.1. ( rys / reis ) saam met haar briyani. Hoeveel 5.2. ( rand / rant ) kos die 7 de Laan Vier Fees, resepte boek? Hilda drink haar glasie Hannepoot met 5.3. ( eis / ys ). (3)

**VRAAG 6**

Gee die **intensiewe vorm** van die woorde tussen hakkies .

**VOORBEELD** : Die oond is (warm).

**ANTWOORD** : vuurwarm

6.1. Die melk is (wit). (1)

6.2. Die kookboek is (duur). (1)

6.3. Die poeding is baie (soet) . (1)

**VRAAG 7**

Skryf die **MEERVOUD** van die woorde neer.

**VOORBEELD** : Die seun lek die bak uit.

**ANTWOORD** : seuns

7.1. Oubaas eet twee (bord ) van Charmaine se briyani. (1)

7.2. Daar word vyf (piesang) in 'n Piesangbrood gebruik. (1)

7.3. Bakkerye gebruik meer as een (oond) om hul brood te bak. (1)

**VRAAG 8**

Voltooi die sinne deur die ontbekende **trappe van vergelyking** in te vul.

Oubaas hou van **soet** eetgoed. Vince hou van 8.1 ________ eetgoed maar Matrone hou van die 8.2. ________ eetgoed. Matrone dink sy het die 8.3 (beter) resep van almal. Hilda is 8.4 (kort) as matrone. (4)

**VRAAG 9**

Identifiseer die werkwoord in die volgende sin en skryf dit neer.

**VOORBEELD** : Haar hart klop vinniger toe die seun vir haar kyk.

**ANTWOORD** : klop

9.1. Ek slaap gewoonlik laat. (1)

9.2. Speel elke dag met jou troeteldier. (2)

**VRAAG 10**

Skryf die volgende sin oor in die **ontkennende vorm. ( asof dit NIE so is NIE)**

**VOORBEELD :** Die boek is goedkoop .

**ANTWOORD:** Die boek is **nie** goedkoop **nie.**

10.1. Die koek het gebrand. (2)

10.2. Vriendelikheid kos niks. (2)

**VRAAG 11**

**Benoem die volgende sinne.**

**Vraagsin, stelsin, bevelsin en uitroep.**

11.1 Bring vir my nog eiers. (1)

11.2 Wie maak rugbykykhappies? (1)

11.3 Die resepteboek is vol smaaklike resepte. (1)

**VRAAG 12**

12.1 Die neute moet **grof** gekap word. (1)

12.2 Die resepteboek is regtig **duur**. (1)

**VRAAG 13**

13.1 Waarom word **haai-aanvalle** met 'n koppelteken geskryf? **(1)**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**GROOTTOTAAL 60**